

**29 September**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-25**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:18**

**Dank God in alles**

Die wêreld waarin ons woon is nie altyd so vriendelik nie. Gelowiges kry harde klappe in die lewe. Maar daar is ook soveel blydschap. Die kontraste kan op een dag wissel van die geboorte van 'n kind tot die dood van 'n geliefde; van oorwinning oor kanker tot finansiële puin; van 'n wonderlike oes tot ernstige droogte.

Ons teks bring ons nie by die taal van 'n oorspanne gemoed nie, maar wel by die uitsig van 'n ryk en ryp geloofservaring. Dis die taal van 'n mens wat geleer het om in voorspoed dankbaar en in teenspoed geduldig te wees (HK So. 10).

Dis 'n oproep aan elkeen om met hierdie geloofsmoed te lewe. Die verlede leer ons immers dat God ons in Christus uit ons grootste nood gered het. Dis die gedagte wat Paulus vir die Tessalonisense onderstreep. Hy het die ellende van sonde en dood op Hom geneem en dit in ons plek gedra en tot niks gemaak. Hy het ons by God gebring sodat ons elke dag in die geloof kan weet dat Hy alles vir ons ten goede laat meewerk – letterlik alles, sonder uitsondering. Hy is immers ons Vader in die hemel.

Dit beteken dat 'n danktoon deur ons lewens as verlostes moet tril, 'n danklied moet uit ons binneste opkom, waarin ons ook ander toeroep: “Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.”

Moenie sê dat dit bomenslik is nie. God se pad met ons is juis 'n pad van genade en ondersteuning deur sy Woord en Gees. Hy sorg nie net elke dag vir ons daaglikse brood nie, maar is ook oor ons lot bewoë. Hy gee krag om ons omstandighede tot sy eer te dra. Hy laat die glimlag deel van ons gelaat word waar Hy ons beker van seënige laat oorloop.

Wees in alles dankbaar!

*Sing: Psalm 138:4 (Totius)*

*Ds MJ Smidt (Ficksburg)*